Bach-kantateprojek Oktober 2017

1. Agtergrond

Die Koepel Kunstesentrum bied sedert 2008 kursusse, meestersklasse en konsertprojekte in historiese uitvoeringspraktyk aan. Die uitvoering van nie-hedendaagse musiek met die instrumente van die tyd waarin dit gekomponeer is en volgens uitvoeringspraktyke en musikale voorstellings soos dit destyds gegeld het, is in die westerse kunsmusiek reeds wêreldwyd algemene praktyk en word deur die konsertpubliek nie net goed aanvaar nie, maar verwag. Voordat vroeë musiek as uitvoerende musiekvertakking ekonomies lewensvatbaar kan word, moet musici nie net geesdriftig genoeg wees om hulself ooreenkomstig te bekwaam nie, maar ‘n minimum aantal musici moet teenwoordig wees, asook genoeg betalende uitvoeringsgeleenthede sodat die belegging in opleiding die moeite werd is. Hierdie drumpel is onlangs in Kaapstad bereik toe die ensembles Tinta Barocca en Cape Consort as permanente groepe met gereelde uitvoerings gevestig is. In die noorde van die land is die kritieke massa nog nie bereik nie, maar daar is groot geesdrif onder diegene wat aan die kursusse deelneem, en met die hulp en leiding van enkele besoekende musici uit die buiteland is dit moontlik om uitvoerings van hoogstaande gehalte aan te bied.

Die besluit om ‘n konsertprojek gewy aan kantates van Bach aan te bied, is gemotiveer deur die feit dat hierdie werke baie selde gehoor word, dat dit hoë eise aan die uitvoerders, beide instrumentaal en vokaal, stel, en dus ideale opleidingsmateriaal is, en dat Bach by die konsertpubliek goed aanvaar word en die musiek dus goed geskik is vir die bekendstelling van historiese uitvoeringspraktyk.

Die musikale leiding van die projek is deur die Amsterdamse barokvioliste Antoinette Lohmann behartig. Antoinette is in Nederland, die bakermat van historiese uitvoeringspraktyk, een van die voorste musici, beide uitvoerend en akademies. Sy is hoof van Vroeë Musiek aan die konservatorium van Utrecht en is onlangs ook aan die konservatorium van Amsterdam aangestel. Sy onderrig viool, altviool en alle historiese vioolinstrumente, asook die teoretiese basis vir historiese uitvoeringspraktyk soos dit in oorspronklike dokumente beskryf word.

In ‘n poging om met ander musiekgroeperinge in die omgewing saam te werk en sodoende kundigheid in historiese uitvoeringspraktyk wyer te vestig, was die instrumentele ensemble ook betrokke by ‘n projek van die Chanticleer Singers, die kamerkoor van Richard Cock. Hierdie aspek van die projek is onafhanklik deur die Chanticleer Singers gefinansier.

2. Afloop van die projek

Die vier sangers het op Saterdag 21 Oktober twee oefeninge gehad, gelei deur die Suid-Afrikaanse tenoor en regisseur Kobie van Rensburg. Antoinette Lohmann het op Dinsdag 24 Oktober uit Amsterdam aangekom en die hele ensemble het Dinsdagaand ‘n eerste oefening gehad. ‘n Tweede oefening volg op Woensdagaand. Op Vrydagaand is die program in die Anglikaanse kerk St Francis of Assisi in Parktown, Johannesburg, en op Saterdagaand in die Christ Church, Arkadia, Pretoria aangebied.

3. Die Musikale Direksie

Antoinette Lohmann

is pas as hoof van die afdeling vir vroeë musiek aan die Konservatorium van Amsterdam aangestel, en lei steeds ook die vroeë musiek aan die Utrechtse Konservatorium. Sy onderrig barokviool en altviool asook die dokumentasie van historiese uitvoeringspraktyk. Sy was voorheen in uiteenlopende musiekterreine aktief, maar konsentreer huidiglik op die historiese instrumente viool, altviool, viola d’amore, tenoorviool en viola pomposa. Haar voorliefde vir die uitsnuffel van onbekende repertoire het gelei tot verskeie opnames, soos onder andere die sonates vir klavier en viool van Joseph Martin Kraus en Margarethe Danzi. As uitvoerende musikus speel Antoinette Lohmann in ensembles soos Ensemble Schönbrunn, Camerata Trajectina, die Nederlandse Bachvereniging, Musica Temprana, die Kölner Akademie, la Sfera Harmoniosa en in die Utrechtse Barok-Consort. Antoinette Lohmann het sedert 2008, toe sy die eerste maal ‘n projek op uitnodiging van die Koepel Kunstesentrum gelei het, die land herhaaldelik besoek en gee gereeld konserte en meestersklasse. Onder andere is sy reeds drie jaar by die winterskool in vroeë musiek aangebied deur die Universiteit van Kaapstad betrokke.

4. Deelnemers

Sopraan:	Alna Smit
Alt:	Sibongile Mollo
Tenoor:	Nicholas Nicolaidis
Bas:	Hendré van Zyl
Viool 1:	Antoinette Lohmann
Viool 2:	Tanya Spiller
Altviool:	Lee Smith
Cello:	Nicola Johannes
Kontrabas:	Hilton Anspach
Fagot:	Gerhard Benade
Klawesimbel:	John Coulter

5. Die Musiek

Drie kantates van Bach is uitgevoer, afgewissel met werke vir viool solo en continuo.

Johann Sebastian Bach (1685 – 1750) Schau, lieber Gott, wie meine Feind	BWV 153
Johann (Marianus) Baal (1657 – 1701)) Sonate vir viool en continuo	Opus Primum (1677)
Johann Sebastian Bach Mein Gott, wie lang, ach lange?	BWV 155
Ignazio Albertini (1644(?) – 1685) Sonata VII	XII sonatinae a Violino Solo
Johann Sebastian Bach O heilges Geist- und Wasserbad	BWV 165

6. Finansiële Verslag

Inkomste:	
Toekenning van die Rupert Musiekstigting	37 520
Inkomste van konsert in Pretoria	4 990
Inkomste van konsert in Johannesburg	2 110
Totaal	**44 620**
Uitgawes:	
Vlug (Lohmann)	13 468
Huur van kerke	2 700
Honoraria	30 766
Vervoer, administrasie en diverse uitgawes	3 590
Totaal	**50 524**
Verlies	**5 904**